

### WEEK 3: HOOF SHAWL - EINDE

Welkom terug! Laat ons gou gesels oor hoe fantasties en prettig dit is om vir elke kleur te wag om te verskyn uit jou wolkoek van Woltraum! Ek gaan nou nie 'n leun vertel nie, Ek het 'n paar keer laat opgebly net om by die volgende kleur van die wol uit te kom! Hierdie week gaan ons die armholtes maak en die res van die shawl se hoofdeel klaar maak.

As jy die Inligting/Benodighede/Spanning deel gemis het, kan jy op hierdie skakel druk om dit te kry:  
INSERT LINK

As jy die Week 1 & 2: Hoof Shawl – Begin & Middel deel gemis het, kan jy op hierdie skakel druk om dit te kry: INSERT LINK

Hier is die ongelooflike vertalings vir die week beskikbaar:

INSERT LINKS HERE

### Laat ons weg spring:

#### Steek Sleutel:

**ks(e):** kettingsteek(e)

**so:** slaan oor

**lb:** langbeen

**sp(s):** spasie(s)

**vlg:** volgende


**st(e):** steek(e)

**kb:** kortbeen

**gls:** glip steek

### NOU GAAN ONS DIE SPASIES VIR DIE ARMHOLTES MAAK!

Die foto wys 'n oorsig van wat ons gaan doen:



Hier gaan jy moet besluit of jy die misses of plus grootte gaan maak oor die rug.

**Ek het baie konserwatief gesê 2X**, ek voel dat dit baie gemaklik vir effens groter ook sal pas, maar ek gaan vir jou afmetings gee sodat JY self kan besluit of hierdie kledingstuk vir jou gaan pas en watter grootte jy moet kies.

Die beperkende afmeting van hierdie kledingstuk is "oor die rug" en is gemeet van onderarm holte tot onderarm holte oor die rug. Moenie die maatband rek nie, laat dit net oor die rug lê. Indien jy beplan om die kledingstuk oor ander klere te dra, sal jy dit moet meet met soortgelyke klere aan sodat dit ingereken kan word vir gemak wanneer jy dit gaan dra. Meet "oor die rug" soos gewys in die foto:



Die afmeting soos hier bo vertoon op die klaar gemaakte kledingstuk wanneer stewig gestrek:

(Hierdie is die MAKSIMUM afmetings. Wanneer net gedrapeerd op die lyf, is dit natuurlik kleiner. Maar die materiaal is baie oop en rekbaar, dit laat 'n groter variasie op groottes wat sal pas).

**Oor die Rug: Ongeveer 18" vir die Misses en Ongeveer 24" vir die Plus**

Wanneer jy hierdie afmetings gebruik, kan jy bepaal of dit jou gaan pas op 'n manier waarvan jy hou. Ek het al 4X dames met 'n oor die rug afmeting van 23" gehad wat ja gesê het vir die ontwerp. Ek het al 2x dames met 'n 26" oor die rug afmeting gehad wat nee gesê het vir die ontwerp. Elke persoon se lyf verskil, so die afmetings is verskaf sodat jy kan besluit.

**\*\*\*Die materiaal is REDELIK rekbaar, indien jy tussen die groottes is of naby daaraan, mag jy dalk 'n grootte KLEINER wil maak.**

**Die verandering in die patroon word aangedui as (MISSES, PLUS).** Die ENIGSTE verskil tussen die twee gaan die afstand oor die rug tussen die armholtes wees. Gaan deur die stappe en merk die instruksie wat van toepassing is op die grootte wat jy gaan maak, as jy wil.

#### **EERSTE ARMHOLTE:**

**\*Plaas** die werk so dat die steek waar jy af geheg het in Ry 24 aan die regterkant bo is.

**Lus #1:** Heg weer die draad met 'n gls in die 2<sup>de</sup> kb aan die bokant van die (9<sup>de</sup>/8<sup>ste</sup>) driehoek in van die regterkanste rand, 47 ks, gls in die 1<sup>ste</sup> kb aan die bokant van die (13<sup>de</sup>/12<sup>de</sup>) driehoek van regs, slaan die (10<sup>de</sup>-12<sup>de</sup>/9<sup>de</sup>-11<sup>de</sup>) driehoek bokante tussen in, heg af.

#### **TWEDE ARMHOLTE:**

**Lus #2:** Hou die kledingstuk in dieselfde posisie as in stap 1 bo en tel weer van regs na links, heg weer die draad met 'n gls in die 2<sup>de</sup> kb in die (18<sup>de</sup>/19<sup>de</sup>) driehoek se bokant, 47 ks, gls in die 1<sup>ste</sup> kb aan die bokant van die (22<sup>ste</sup>/23<sup>ste</sup>) driehoek van regs, slaan die die (19<sup>de</sup>-21<sup>ste</sup> /20<sup>ste</sup>-22<sup>ste</sup>) driehoek bokante tussen in, heg af.

**NOU, gaan ons aan met die patroon steek en RYE om die boonste rand van die shawl te maak.**

**NOTA:** Ry 25 is afgebreek in stappe om dit makliker te kan volg.

**Ry 25: Heg** jou draad met 'n gls in dieselfde st (die vyfslag langbeen steek) as die af gehegde steek aan die einde van Ry 24, 1 ks, kb in dieselfde st, lb in vlg 5 kse, kb in vlg 2-ks sp, \*lb in 1<sup>ste</sup> 5 kse van die vlg 11-ks lus (maak seker jy slaan nie die 1<sup>ste</sup> een wat kan toe trek nie), 2 ks, lb vlg ks, 2 ks, lb in die laaste 5 kse van dieselfde 11-ks lus, kb in vlg 2-ks sp, herhaal van \*, tot jy die laaste kb voltooi het in die laaste 2-ks sp voor jy 47 ks maak om die armholte te voltooi.

**Werk in die 1<sup>ste</sup> 47-ks lus:** \*\*lb in die vlg 5 kse, 2 ks, lb in die vlg ks, 2 ks, lb in die vlg 5 kse, gls in die vlg ks, herhaal van \*\*, NOG TWEE KEER, lb in die vlg 5 kse, 2 ks, lb in die vlg ks, 2 ks, lb in die laaste 5 kse van die 47-ks, kb in die vlg 2-ks sp op die hoof deel van die shawl.

**Werk reg oor die spasie tussen die 47-ks lusse:** \*lb in 1<sup>ste</sup> 5 kse van die vlg 11-ks lus, 2 ks, lb vlg ks, 2 ks, lb laaste 5 kse van dieselfde 11-ks lus, kb in vlg 2-ks sp\*, herhaal van \*-\*tot jy die laaste kb in die laaste 2-ks sp voor die 2<sup>de</sup> 47-ks lus voltooi.

**Werk reg oor die 2<sup>de</sup> 47-ls lus:** \*\*lb in die vlg 5 kse, 2 ks, lb in die vlg ks, 2 ks, lb in die vlg 5 kse, gls in die vlg ks, herhaal van \*\*, NOG TWEE KEER, lb in die vlg 5 kse, 2 ks, lb in die vlg ks, 2 ks, lb in die laaste 5 kse van die 47-ks, kb in die vlg 2-ks sp op die hoof deel van die shawl.

**Werk reg oor die oorblywende deel van die shawl:** \*lb in 1<sup>ste</sup> 5 kse van die vlg 11-ks lus, 2 ks, lb vlg ks, 2 ks, lb in die laaste 5 kse van dieselfde 11-ks lus, kb in vlg 2-ks sp, herhaal van \* tot net voor die laaste 11-ks lus gewerk word, lb in 1<sup>ste</sup> 5 kse, 2 ks, lb in die vlg ks, 2 ks, lb in die laaste 5 kse van dieselfde 11-ks lus, kb in die vlg 2-ks sp, lb in die vlg 5 kse van die 13-ks lus van die vorige ry, kb in vlg ks, laat die oorblywende kettingsteke ongewerk.

**Ry 26:** 1 ks, draai, kb in dieselfde st, \*11 ks, kb in vlg 2-ks sp, 2 ks, kb in vlg 2-ks sp, herhaal tot net voor die laaste 11-ks lus gewerk word, 11 ks, kb in laaste kb aan die einde.

**\*WENK:** Wanneer jy hierdie ry werk oor die nuut gevormde armholte area, maak seker dit jy nie die armholte draai as jy oor dit werk nie \*

**Ry 27:** 1 ks, draai, kb in dieselfde st, \* lb in die 1<sup>ste</sup> 5 kse van die vlg 11-ks lus, 2 ks, lb in vlg ks, 2 ks, lb in laaste 5 kse van dieselfde 11-ks lus, kb in die vlg 2-ks sp, herhaal van \*, tot jy een 11-ks lus oor het, lb in 1<sup>ste</sup> 5 kse van die 11-ks lus, 2 ks, lb in vlg ks, 2 ks, lb in die laaste 5 kse van dieselfde 11-ks lus, kb in laaste kb van die ry.

**Ry 28:** 13 ks, draai, kb in die 1<sup>ste</sup> 2-ks sp, 2 ks, kb in die vlg 2-ks sp, \*11 ks, kb in vlg 2-ks sp, 2 ks, kb in die vlg 2-ks sp, herhaal van \* tot net voor laaste lus gewerk is, 11 ks, kb in vlg 2-ks sp, 2 ks, kb in vlg 2-ks sp, 5 ks, vyfslag langbeen steek in laaste kb.

**Ry 29:** 1 ks, draai, kb in dieselfde st, lb in vlg 5 kse, kb in vlg 2-ks sp, \*lb in 1<sup>ste</sup> 5 kse van die vlg 11-ks, 2 ks, lb vlg ks, 2 ks, lb laaste 5 kse van dieselfde 11-ks lus, kb in vlg 2-ks sp, herhaal van \* tot net voor laaste 13-ks lus gewerk is, lb in die vlg 5 kse van die 13-ks lus van die vorige ry, kb in vlg ks, laat die oorblywende kettingsteke ongewerk.

**Rye 30-33:** Herhaal Rye 26-29

**Ry 34: (Maak seker dat jou kettingsteke los is om nie jou rand styf te laat trek nie, as jy sukkel om dit reg te kry, gaan een hekelpen grootte OP, NET vir hierdie ry)** 1 ks, draai, kb in dieselfde st, 2 ks, kb in die vlg lb, 5 ks, kb in die vlg 2-ks sp, 2 ks, kb in die vlg 2-ks sp, \*5 ks, kb in die vlg 2-ks sp, 2 ks, kb in die vlg 2-ks sp, herhaal van \* reg deur tot jy aan die bokant van die laaste driehoek se bokant net voor die gedeeltelike een aan die einde, 5 ks, slaan die vlg 5lb/kb/4lb (oor die lae-V deel) oor, kb in die vlg lb, 2 ks, kb in die kb aan die end van die ry.

**Ry 35: (As jy na 'n groter hekelpen verander het in Ry 34, moenie vergeet om terug te ruil na jou regte grootte nie)** 4 ks (tel as lb, 2 ks), draai, slaan die 2-ks oor en lb in die vlg kb, 2 ks, so 2 kettingsteke, lb in die vlg ks, 2 ks, so vlg 2 kse, lb in die vlg kb, \*2 ks, so die vlg 2 kse, lb in die vlg kb, 2 ks, so vlg 2 kse, lb in die vlg ks, 2 ks, so vlg 2 kse, lb in die vlg kb, herhaal van \* reg deur tot jy (1) 2-ks en kb oor het, 2 ks, so die 2 kse, lb in die laaste kb.

AWWW MAATJIE..... haal diep asem en BEWONDER jou werk sover! Die hoof shawl deel (behalwe die rand) is KLAAR! Ek kon nie ophou staar na die geleidelike kleurverandering in al sy glorie nie. Ek hoop jy voel dieselfde!

Jy hoef nog nie te blok nie, ons sal dit volgende week doen! Ons gaan 'n kleiner hoeveelheid werk hê om te doen: Rand & Blok. Dit gaan jou ook die geleentheid gee om op te vang as die lewe jou hekeltyd oor geneem het. Dit gebeur met almal van ons!! Moenie opgee nie, dit begin nou mooi vorm aan neem!!

Sien jou volgende week vir Week 4: Rand & Blok

Tot dan....

Baie liefde & wolle,

Stephanie

[Follow on Facebook Here!](#)

[Follow on Instagram Here!](#)

[Follow on Ravelry Here!](#)

[Follow on Pinterest Here!](#)

[Follow on YouTube Here!](#)

[Follow on Twitter Here!](#)

[Follow on Etsy Here!](#)

Die inligting en fotos in hierdie publikasie is die uitsluitlike kopiereg eiendom van Crochetverse©2016. Moet asseblief nie enige inligting hierin kopieër en versprei op enige manier elektronies, verbaal, of geskrewe in dele of in in geheel nie. Deel eerder slegs die DIREKTE SKAKEL na hierdie publikasie, en as jy dit deel, sê ek dankie dat jy dit deel. Jy mag natuurlik enige iets wat jy van die patroon af met jou eie twee hande gemaak het verkoop, geen kontrak

arbeid of massa produksie word toegelaat nie. As jy erkening gee aan Crochetverse as die ontwerper word dit hoog op prys gestel!